1 Miljoen verwag by byeenkoms vir omkeer in SA

Grootste biddag in SA-geskiedenis

“Suid-Afrika sal ná 22 April nooit weer dieselfde wees nie”, sê Angus Buchan. Hy verwys na die “It’s time”-byeenkoms op ‘n plaas 4 km buite Bloemfontein, waar daar meer as ‘n miljoen Suid-Afrikaners verwag word.

Alle aanduidings is dat dit die grootste biddag in die geskiedenis van Suid-Afrika sal wees.

“Die biddag is vir die ganse Suid-Afrikaanse nasie van alle geslagte, rasse en denominasies wat bekommerd is oor die vennyn, haat, geweld, moord en korrupsie in die land,” sê Buchan.

Hy sê dit is tyd dat ons moet ophou vinger wys, verkleineer en beledig, erken dat elkeen van ons op ‘n manier ‘n aandeel het daaraan, en mekaar in Christus omhels.

“Die tyd het NOU aangebreek (It’s time) om op te hou om net daaroor te praat. Ons verklaar oorlog teen disrespek vir menslike lewe en liefdeloosheid. Die streep word nou in die sand getrek op 22 April.”

Almal wat Jesus erken as dié Vredevors wat die land kan omkeer, word uitgenooi om die biddag by te woon. Hierdie byeenkoms is ‘n openbare ‘oorlogsverklaring’ teenoor die bose magte van Satan wat die vrede van Suid-Afrika wil steel en wat rasse en individue teen mekaar aanhits.

Die vlammetjie vir die byeenkoms is aangesteek deur ‘n video wat ‘n man op Whatsapp versprei het, met ‘n desperate uitroep dat Oom Angus of enige ander geestelike leier in Suid-Afrika moet ingryp en so ‘n samekoms reël. Buchan het toe in reaksie daarop ‘n video op sosiale media versprei en binne ure 1,8 miljoen reaksies daarop gehad.

Intussen word voorbereidings op die plaas, buite Bloemfontein, getref om 1 miljoen mense te akkomodeer.

Dit is ‘n een-daggeleentheid van 10:00 tot 16:00 op Saterdag 22 April. Mnr Buchan is verwag om die skare aan te spreek vanaf 12:00 af. Slegs toiletgeriewe word verskaf. Almal wat dit bywoon moet selfversorgend wees met eie kos en water. Daar sal wel staanplekke op buur plase wees vir tente en woonwaens vir mense wat reeds die vorige dag wil opdaag. Daar word verwag dat duisende mense in gastehuise en op gasteplase in die Bloemfontein-omgewing sal tuisgaan.

“Saterdag 22 April is ‘n dag waaroor geslagte in die toekoms nog lank oor gaan praat. Wees deel van die toekoms en kom bid saam,” vra Buchan.

Enige verdere inligting kan gekry word op www.angusbuchan.co.za

(Slegs vir medianavrae: Merentia van der Vent by 074 181 7899 of merentia@104fm.co.za)